# DIE SKIETLOOD

191ste Uitgawe 18 Junie 2021
saam met Koersvas 191

## Die Dordtse Leerreëls

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood**

**Teks Artikel 3.** Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. Hy het ons vervloeking op Hom geneem, Hy het vervloekte geword, sodat ons dit mag vryspring. *Hæc mors Filii Dei est unica et perfectissima pro peccatis victima et satisfactio, infiniti valoris et pretii, abunde sufficiens ad totius mundi peccata expianda.*

**Verklarende kommentaar**

Die uniekheid van Jesus se dood aan die kruis moet beklemtoon word. Vanuit 'n morbiede perspektief sou 'n mens kon stel dat die geskiedenis gekenmerk word deur die dood van mense -ryk en arm, oud en jonk. Daar kan verwys word na mense wat helde-dode gesterf het. Dit is mense wat in en deur hulle eie sterftes ander gehelp, gered of bevoordeel het. Die voorbeelde gedy plaaslik en internasionaal, deur al die eeue heen. In ons eie geskiedenis kom die helde sterftes van Racheltjie de Beer en Wolraad Woltemade op. Simson in die tyd van die Rigters se selfvernietiging het ook die einde van die Filistyne se skrikbewind ingelei.

Mense se brawe dade en gepaardgaande dood het ander gehelp en selfs gered. Die dood van Jesus aan die kruis kan egter nie met enige van hierdie gebeurtenisse vergelyk word nie. Die unieke aard van Jesus se dood is dat dit universele gevolge gehad het. Geen ander mens se dood het naastenby die verreikende gevolge gehad wat Jesus se dood aan die kruis het nie. Jesus se dood is uniek. Sy dood verteenwoordig die enigste en volmaakte antwoord op die straf van die sonde. Sy dood is meer as genoeg, oorvloedig meer as wat nodig is om die straf van die sonde uit te wis.

Die waarde van hierdie dood kan nie onderskat word nie. Dit impakteer op elke geslag van elke tyd, met as eindbestemming die opheffing van tyd. Anders gestel, Jesus se dood oorwin dood en sonde en maak die ewigheid 'n werklikheid vir oneindig baie mense.

Jesus het gekies om ons straf op Hom te neem. Hy het die volle straf wat ons toegekom het, op Homself geneem, en selfs toe was daar meer as genoeg verdienste vir die genade om onmeetbaar meer te wees. Die feit dat ons vervloektes is, het Hom nie verhinder om in ons plek te gaan staan nie. Die is nie asof die sonde ons ongewild of onbegeerlik gemaak het nie, ons was weens die sonde vervloektes, sonder meriete, sonder hoop, sonder toekoms. Hy het dit alles en nog meer op Homself geneem. Sy versoenende dood was meer as genoeg om elke mens van elke geslag van alle tye te red van dood en straf.

**Teks Artikel 4.** Hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie, maar

ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die Heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So moes ons Verlosser dan ook wees. Boonop het Sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het. *Ideo autem hæc mors tanti est valoris et pretii, quia persona, quæ eam subiit, non tantum est verus et perfecte sanctus homo, sed etiam unigenitus DEI Filius, ejusdem aeternæ et infinitæ cum Patre et Spiritu S. essentiæ, qualem nostrum Servatorem esse oportebat. Deinde, quia mors ipsius fuit conjuncta cum sensu iræ Dei et maledictionis, quam nos peccatis nostris eramus commeriti.*

**Verklarende kommentaar**

Die logiese vraag na die rede vir Jesus se trefkrag kom volgende aan die orde. Waarom kon Jesus deur die een dood so 'n groot verskil maak?

Hierdie dood het groot krag en waarde op grond van wie en wat Jesus Christus is. Die impak en betekenis van Jesus se dood en opstanding word met ander woorde aan Sy persoon gekoppel. Wat is die unieke van hierdie Jesus van Nasaret?

Jesus was ware en ten volle mens, ons gelyk in alle dinge. Op biologiese vlak was Hy manlik, met alles wat ons sou gebruik om 'n mens te beskryf in terme van vel, been, interne organe, bloed, dns ensovoorts. Op emosionele vlak was Hy ten volle mens, wat gelag het, bang was en gehuil het. Hy was op intellektuele vlak ten volle mens met 'n woordeskat wat so goed was dat Hy effektief kon kommunikeer, met 'n kreatiwiteit wat Sy aanhoorders aangegryp het. Ten volle mens!

Daarmee saam was Hy ook heilige mens, met ander woorde anders as alle mense na die sondeval, maar soortgelyk aan Adam en Eva voor die sondeval - sonder sonde. Hy was aan die Here toegewy en het op geen manier op enige stadium gesondig nie. Sy wese is nie sondig nie, Hy dra in Homself geen skuld voor God nie. Hy het in onbelemmerde verhouding met die Vader gelewe omdat daar geen hindernisse soos sonde en straf tussen Hom en Sy Vader was nie.

Jesus se heiligheid as mens is meer as net menslike prestasie. Dit kon nie anders as dat Hy heilig sou wees nie, Hy is immers die Seun van God, die Tweede Persoon van God Drie-Enig. As die Enig-gebore Seun van God is Hy inderdaad *Immanuel*.

Die logiese gevolg is dat ons sal bely en erken dat Jesus as ware mens en ware God bestaan. Na Sy menswees is Hy solidêr met ons in alles. Na Sy Godheid is Hy saam met die Vader en die Heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese.

Om waarlik Verlosser te kan wees, moes Jesus ten volle mens en ten volle God wees. Jesus se werk as Verlosser is onlosmaaklik aan Sy wese gekoppel. Na Sy essensie is Jesus die enigste een wat ons sonde kon dra en wegdra.

Jesus se wese het dit vir Hom moontlik gemaak om die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, te dra. Hierdie dra van ons sonde en die gepaardgaande straf van God het Jesus willens en wetend gedoen. Dit is nie asof Hy nie geweet het wat Hy doen nie, Hy het uit eie vrye wil die keuse gemaak om ons sonde op Hom te neem. Jesus se versoening is geen toeval of saak van dwang nie. Hy wil ons red.

**Teks Artikel 5.** Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en mense, aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof. *Cæterum promissio Evangelii est, ut quisquis credit in Christum crucifixum, non pereat, sed habeat vitam æternam. Quæ promissio omnibus populis et hominibus, ad quos Deus pro suo beneplacito mittit Evangelium, promiscue et indiscriminatim annunciari et proponi debet cum resipiscentiæ et fidei mandato.*

**Verklarende kommentaar**

Die volgende rede vir die sekerheid wat ons het rakende ons saligheid is die feit dat die Evangelie dit belowe. Die Evangelie is die Woord van God. God doen Sy Woord altyd gestand en in die Skrif lees ons dat elkeen wat glo, gered sal word. Romeine 10:9-13 "*As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: <u>Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word</u>."* Die Dordtse leerreëls stel die saak positief en negatief - ons sal <u>nie</u> verlore gaan <u>nie</u>, ons <u>sal</u> die ewige lewe ingaan.

Dit is dieselfde Evangelie wat verkondig moet word. Hierdie eenvoudige stel van die sendingtaak moet nie ignoreer word nie. Die Evangelie vertel dat elkeen wat glo die ewige lewe ontvang, en daardie boodskap moet sonder grense aan almal verkondig word. God het in Sy welbehae besluit om die boodskap aan alle volke en nasies uit te stuur. Die kerk en elke gelowige se direkte opdrag is nou om hierdie Evangelie bekend te stel en te verkondig. Ons kan nie kies aan wie ons die belofte verkondig nie, ons moet sonder onderskeid dit aan alle mense oordra.

Hierdie verkondiging is nie 'n betekenislose of ligte saak nie, Die mandaat waarmee gewerk word is een van oorgawe. Die doel met die belofte oordra is met ander woorde nie sodat mense kennis moet neem nie. Die verkondiging het ten doel dat mense tot bekering kom en begin glo (Jakobus 2:18- 19 "*Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade. Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.")*. Die verkondiging van die Evangelie is met ander woorde baie meer as net die oordra van inligting. Die appèl van die Evangelie konfronteer die mens met 'n duidelike keuse; kom tot bekering en glo, of bly in die ellende van sonde en dood. Die eis van die Evangelie is ook onmiddellik. Dit is nie 'n proses of 'eendag' wat ter sprake is nie. Elke mens word in die hier-en-nou gekonfronteer en moet hier-en-nou tot geloof kom.

Hierdie aanspraak op reaksie word dan verder verduidelik in die volgende artikel.